

KWARTAAL 3

# NUUSBRIEF



HOËRSKOOL MONTAGU

**K**ENNIS **K**ARAKTER **T**ROTS

*Kwaliteit Onderrig en Leer*



023 614 1390



[www.hsmontagu.co.za](http://www.hsmontagu.co.za)



[mhsadmin@barvallei.co.za](mailto:mhsadmin@barvallei.co.za)

# \_\_\_\_UIT DIE KANTOOR\_\_\_\_



## **Geagte Ouers, Voogde, Leerders en Ondersteuners**

Ons het aan die einde gekom van nóg 'n uiters besige en suksesvolle kwartaal. Baie dankie aan elke leerder, ouer, voog en personeellid wat 'n bydrae gelewer het om van hierdie kwartaal 'n besondere sukses te maak. Daar was weer eens talle hoogtepunte in 'n vol en dinamiese program.

### **Kommunikasie**

Die kommunikasie met ouers/voogde deur middel van WhatsApp-groepe, die SMS-netwerk en e-pos funksioneer baie goed. Ons wil ouers en voogde vriendelik herinner om hul kontakbesonderhede op datum te hou, sodat belangrike kommunikasie altyd die regte persone bereik.

### **Afsprake**

Ons ontmoedig sover moontlik die maak van afsprake vir leerders gedurende skooltyd, soos dokters-, tandarts- of bestuurslisensie-afsprake. Wanneer leerders gedurende lesure uit klasse onttrek word, word die onderrigproses onderbreek en belangrike akademiese werk misgeloop.

Ons versoek daarom dat afsprake, waar moontlik, ná skoolure of gedurende vakansietye gereël word. Ouers en voogde word ook vriendelik versoek om nie onverwags by die skool op te daag en onmiddellike toegang tot 'n leerder te verwag nie. Reël asseblief vroegtydig, sodat onderrigtyd optimaal benut kan word.

# \_\_\_\_UIT DIE KANTOOR\_\_\_\_



## **Laatkommers**

Leerders wat gereeld laat by die skool opdaag, bly 'n bron van kommer. Ouers en voogde dra 'n belangrike verantwoordelikheid om toe te sien dat hul kinders betyds vir skool arriveer.

Indien hierdie probleem voortduur, sal die skool genoodsaak wees om ouers/voogde te kontak vir 'n afspraak om die saak verder te bespreek. Indien u kind om enige rede laat gaan wees, versoek ons dat u die skool betyds daarvan in kennis stel.

Leerders wat laat arriveer, moet by die kantoor aanmeld sodat hul teenwoordigheid korrek aangeteken kan word. Versuim om aan te meld, kan daartoe lei dat die leerder as afwesig geregistreer word.

## **Skoolure en Kommunikasiekanale**

Ek wil graag 'n beroep doen op ons ouers en voogde om die gevestigde kommunikasiekanale te respekteer en te benut.

Baie dankie aan die ouers wat die inisiatief neem om bekommernisse of navrae eerstens met die betrokke onderwyser of afrigter te bespreek. Indien u nie die nodige terugvoering ontvang nie, versoek ons dat u die betrokke graadhoof of organiseerder kontak. Sou daar steeds nie 'n bevredigende oplossing gevind word nie, is u welkom om met 'n lid van die Skoolbestuurspan in verbinding te tree.

Ons versoek ook dat onderwysers slegs in noodgevalle ná skoolure gekontak word. Ons waardeer u ondersteuning om ons personeel se gesins- en rustyd te respekteer.

# \_\_\_\_UIT DIE KANTOOR\_\_\_\_



## **Afwesighede**

Neem asseblief kennis dat leerderbywoning soggens tydens die registerperiode vasgelê word. Indien u kind afwesig gaan wees, versoek ons u vriendelik om die skool voor 09:00 daarvan in kennis te stel.

Afwesighede word soggens op die Departementele stelsel aangeteken. Indien 'n leerder reeds as afwesig geregistreer is, kan wysigings later nie noodwendig aangebring word nie.

## **Akademie**

### **Graad 12: September-eksamen**

Die Graad 12-klas was die enigste groep wat gedurende die afgelope kwartaal 'n volledige eksamen afgelê het. Die leerplanne in al die vakke is afgehandel, en hierdie eksamen het as proefeksamen vir die eindeksamen gedien.

Leerders is op die volle jaar se werk geassesseer, wat 'n goeie aanduiding bied van wat hulle in die finale eksamen kan verwag. Baie geluk aan al ons Graad 12-leerders wat hul doelwitte bereik het. Ons is trots op julle prestasies. Hou aan om gefokus en hardwerkend te bly, aangesien die belangrikste uitdaging nog voorlê.

Op **Dinsdag, 6 Oktober 2026, om 17:30**, word 'n baie belangrike **Graad 12-eksamen-vergadering en motiveringsgeleentheid** aangebied met die oog op die finale eksamen.

By voorbaat 'n opregte woord van dank aan die Ondersteunersklub onder leiding van mev. Lize Rossouw vir die heerlike ete en spesiale bederf wat vir die geleentheid beplan word. Ons sien daarna uit om ons matrieks van 2026 op hierdie wyse te motiveer en aan te moedig.

Die matrieks se **laaste skooldag is Vrydag, 9 Oktober 2026**. Dit is uiters belangrik dat alle matrieks elke dag tot en met hul laaste skooldag by die skool teenwoordig sal wees. Op dié dag sal daar ook 'n afskeidseremonie plaasvind. Verdere skrywes hieroor sal aan alle matriekouers en voogde gestuur word.

# \_\_\_\_UIT DIE KANTOOR\_\_\_\_



## **Graad 8 tot 11**

Die Graad 8- tot 11-leerders het gedurende die afgelope kwartaal 'n toetsreeks voltooi. Die rapportpunte is saamgestel uit deurlopende assessering en verteenwoordig die verskillende akademiese aktiwiteite wat gedurende die kwartaal afgehandel is.

Indien u kind 'n grensgeval is, moedig ons u aan om ernstig met hom of haar te gesels oor die belangrikheid van die laaste kwartaal en die finale eksamen. Kontak gerus die betrokke klasonderwyser of graadhoof vir ondersteuning en leiding.

## **Matriekafskeid**

Ons jaarlikse matriekafskeid het op Dinsdag, 22 September 2026, in die skoolsaal plaasgevind onder leiding van mev. Van Heerden en haar bekwame span.

Dit was 'n besonderse glansgeleentheid en ongetwyfeld een van die hoogtepunte van ons matrieks se skoolloopbaan. 'n Opregte woord van dank aan juffrou Ina en haar komitee wat soveel moeite gedoen het om hierdie aand onvergeetlik te maak.

Dit was waarlik 'n aand om te onthou.

## **Prysuitdeling**

Ons jaarlikse prysuitdeling vind vanjaar effens vroeër plaas om ons matrieks te akkommodeer voordat hul finale eindeksamen begin.

Die geleentheid is geskeduleer vir **Donderdag, 8 Oktober 2026, om 19:00.**

Betrokke leerders sal betyds in kennis gestel word en word versoek om die geleentheid in volle wintersdrag by te woon.

# UIT DIE KANTOOR



## Begroting 2027

Hiermee word kennis gegee van 'n belangrike begrotingsvergadering wat op **Maandag, 26 Oktober 2026, om 18:00** in die skoolsaal sal plaasvind. Tydens hierdie vergadering sal die voorgestelde skool- en koshuisgelde vir 2027 aan ouers en voogde vir goedkeuring voorgelê word. 'n Spesiale kennisgewing wat die agenda insluit, sal vooraf uitgestuur word. 'n Kworum van 10% ouer- en voogverteenwoordiging word vir hierdie vergadering vereis.

Indien die vereiste kworum nie bereik word nie, word ouers hiermee reeds in kennis gestel van 'n tweede begrotingsvergadering wat op **Maandag, 9 November 2026**, om 18:00 in die skoolsaal sal plaasvind. Geen kworum word vir hierdie vergadering vereis nie. 'n Verdere skrywe sal, indien nodig, na die eerste vergadering uitgestuur word om dit te bevestig.

'n Oorsig van die konsepbegroting sal saam met die eerste kennisgewing beskikbaar gestel word. Die volledige konsepbegroting vir 2027, asook die geouditeerde finansiële state vir 2025, sal vanaf 12 tot 23 Oktober 2026 gedurende skoolure by die finansiële kantoor (mev. Southey) ter insae beskikbaar wees.

Enige vrae rakende die begroting kan vooraf aan die skoolhoof, tesourier of finansiële beampte gerig word. Die nuwe skoolfonds sal deur 'n meerderheidstem van die ouers en voogde wat die vergadering bywoon, goedgekeur word. Hierdie besluit sal bindend wees op alle ouers/voogde.

# \_\_\_\_UIT DIE KANTOOR\_\_\_\_



## **Finansies**

Alle uitstaande skoolfonds- en koshuisrekeninge waarvoor reeds aanmanings uitgestuur is, sal vroeg in die volgende kwartaal vir invordering oorhandig word.

Hierdie proses bring bykomende koste mee en kan daartoe lei dat skuldige partye gekredietlys word. Ons moedig ouers en voogde aan om sodanige stappe te vermy deur, waar nodig, onverwyld bindende betalingsreëlings met die finansiële kantoor te tref.

## **HSMO**

Die HSMO het gedurende die derde kwartaal 'n besonder besige en suksesvolle tyd beleef. Verskeie tuiswedstryde, sowel as ons sewesnaweek, het die snoepie baie besig gehou.

Die HSMO het ook die eerste Montagu Boomerang suksesvol aangebied, wat bergfietsry en roetedraf ingesluit het.

Baie dankie aan al die HSMO-lede wat hul tyd en energie beskikbaar gestel het. Ons ondersteuners werk uitstekend saam, en indien u nog nie lid is nie, nooi ons u hartlik uit om aan te sluit. Hoe meer hande help, hoe ligter is die taak.

# \_\_\_\_UIT DIE KANTOOR\_\_\_\_



## **Skooldrag**

Vanaf die eerste week van die vierde kwartaal moet alle leerders volle somersdrag dra. Leerders wat die prysuitdeling op 8 Oktober 2026 bywoon, moet egter in volle wintersdrag geklee wees.

## **Skooltye**

Die skool **heropen op Dinsdag, 6 Oktober 2026, om 08:00** en verdaag dié dag om 13:15.

**Vanaf Woensdag, 7 Oktober 2026, geld die normale somertye:**

|                             |                                                    |
|-----------------------------|----------------------------------------------------|
| Maandae, Woensdae en Vrydae | 07:15 – 14:00                                      |
| Dinsdae en Donderdae        | 07:15 – 13:15<br>Aktiwiteitsperiode: 13:15 - 14:45 |

Ons wens al ons leerders en hul gesinne 'n geseënde en welverdiende skoolvakansie toe. Aan diegene wat gaan reis, wens ons 'n veilige reis en 'n aangename rustyd toe.

Montie-groete

*TPrins*

**Mnr. Tertius Prins**

*wnd. Skoolhoof*



# \_\_\_20 TOP PRESTEERDERS\_\_\_

## GRAAD 8



**In alfabetiese volgorde**

|            |               |
|------------|---------------|
| Cody       | Adendorf      |
| Ziata      | Apollos       |
| Eryl       | Appolis       |
| Avenathi   | Bhozo         |
| Petronella | Burger        |
| Liane      | De Beer       |
| Junuel     | De Koker      |
| Deha       | Engel         |
| Sune       | Esterhuyse    |
| Davoney    | Geduld        |
| Marse      | Hendricks     |
| Devoney    | Hugo          |
| Shiree     | Jaftha        |
| Charlissa  | Jordaan       |
| Alaina     | Meyer         |
| Martin     | Nel           |
| Magdalena  | Sesiang       |
| Craighan   | van der Merwe |
| Jacques    | Visagie       |
| Hugo       | Voges         |
| Ruvé       | Williams      |

# \_\_\_20 TOP PRESTEERDERS\_\_\_

## GRAAD 9



**In alfabetiese volgorde**

|              |           |
|--------------|-----------|
| Tamlynne     | Basson    |
| Adri         | Bothma    |
| Johenlin     | Buchner   |
| Jocelyn      | Conradie  |
| Liyabona     | Danile    |
| Willow       | Esau      |
| Tamar        | Hendricks |
| Pearl        | Jaftha    |
| Onoluhle     | Jantjies  |
| Mishca       | January   |
| Erin         | Lakey     |
| Danelle      | Le Roux   |
| Sean         | Little    |
| Layla        | Lodewyk   |
| Marqueth-Lee | Marthinus |
| Sonwabo      | Mgada     |
| Joy-Line     | Nel       |
| Owentando    | Ngabaza   |
| Mikayla      | Stuart    |
| Shjar-Moné   | Swanepoel |
| Christian    | Voges     |

# \_\_\_20 TOP PRESTEERERS\_\_\_

## GRAAD 10



**In alfabetiese volgorde**

|            |            |
|------------|------------|
| Jamie Lee  | Andriese   |
| Lodewyk    | Beukes     |
| Hailey     | Booyesen   |
| Ariane     | Brinkjuys  |
| Meoné      | Bure       |
| Ruan       | Cloete     |
| Corlea     | De Koker   |
| Carla      | Dettbarn   |
| Denisia    | Domingos   |
| Ridduwan   | Herdien    |
| Aneischa   | Jakobs     |
| Lienka     | Joubert    |
| Kayla      | Kotze      |
| Ané        | Nomdo      |
| Mckaelah   | Olivier    |
| Aneisha    | Philander  |
| Lee-Hayden | Plaaitjies |
| Amorey     | Potgieter  |
| Zack       | Roos       |
| Hanli      | Volschenk  |

# \_\_\_20 TOP PRESTEERERS\_\_\_

## GRAAD 11



**In alfabetiese volgorde**

|            |              |
|------------|--------------|
| Verlin     | Adams        |
| Anzelle    | Albanie      |
| Erin       | Banda        |
| Jason      | Bezuidenhout |
| Anél       | de Bruyn     |
| Tyricha    | de Wee       |
| Mia        | Ellis        |
| Gersh-Lynn | Fisher       |
| Isabelle   | Hahndiek     |
| Quinzil    | Jansen       |
| Jaime      | Johnson      |
| Stella     | Meyer        |
| DJ         | Minnaar      |
| Henko      | Nel          |
| Miné       | Olivier      |
| Fannwin    | Plaatjies    |
| Revean     | Segelaar     |
| Courtney   | Toorn        |
| Lizca      | van Aarde    |
| Adriana    | Visagie      |

# \_\_\_20 TOP PRESTEERERS\_\_\_

## GRAAD 12



**In alfabetiese volgorde**

|           |           |
|-----------|-----------|
| Kurtwin   | Antonie   |
| Jacobus   | Beukes    |
| Sergio    | Burger    |
| Mia       | Dettbarn  |
| Tsenré    | Ernest    |
| Ehrin     | Fortuin   |
| Joël      | Gordon    |
| Peter     | Hattingh  |
| Thamson   | Jansen    |
| Janae     | le Roux   |
| Conli     | Maake     |
| Nina      | Malherbe  |
| Ruby-Rose | O'Shea    |
| Emma      | Olivier   |
| Mieke     | Olivier   |
| Danika    | Schoeman  |
| Tashley   | Skippers  |
| Kerishnie | Snyman    |
| Jadelyn   | van Wyk   |
| Anja      | Wolfaardt |

# BELANGRIKE DATUMS

## KWARTAAL 4



OKTOBER

|              |                                                                                                                                                                                             |
|--------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| 6 Dinsdag    | <b>SKOOL HEROPEN PERSONEEL 08:00</b><br><i>(Somersdrag)</i><br>Aktiwiteitsperiode 13:15 - 14:45<br><b>Gr.12 - Motiveringsaand</b><br>17:30 - Ouers en leerders<br>18:45 - Leerders Klubhuis |
| 7 Woensdag   | <b>SOMERSTYE</b> Skool begin 07:30<br><b>Gr.12 - Saal</b> LSM - 07:45                                                                                                                       |
| 8 Donderdag  | <b>Prysuitdeling 19:00</b>                                                                                                                                                                  |
| 9 Vrydag     | <b>Gr.12 - Laastedag en Saal</b>                                                                                                                                                            |
| 10 Saterdag  |                                                                                                                                                                                             |
| 12 Maandag   | <b>Gr.9 Vakkeuse-aand</b>                                                                                                                                                                   |
| 13 Dinsdag   | <b>Gr.12 - NSS Eksamen begin</b>                                                                                                                                                            |
| 14 Woensdag  |                                                                                                                                                                                             |
| 15 Donderdag |                                                                                                                                                                                             |
| 16 Vrydag    | BK-Opleiding                                                                                                                                                                                |
| 17 Saterdag  |                                                                                                                                                                                             |
| 19 Maandag   | Gr.12 - Gebedsaand Ouers 18:30                                                                                                                                                              |
| 20 Dinsdag   | Gr.9 - Sistemiese toetse                                                                                                                                                                    |
| 21 Woensdag  |                                                                                                                                                                                             |
| 22 Donderdag |                                                                                                                                                                                             |
| 23 Vrydag    |                                                                                                                                                                                             |
| 24 Saterdag  |                                                                                                                                                                                             |
| 26 Maandag   |                                                                                                                                                                                             |
| 27 Dinsdag   |                                                                                                                                                                                             |
| 28 Woensdag  |                                                                                                                                                                                             |
| 29 Donderdag |                                                                                                                                                                                             |
| 30 Vrydag    |                                                                                                                                                                                             |
| 31 Saterdag  |                                                                                                                                                                                             |

# NOVEMBER

|              |                                    |
|--------------|------------------------------------|
| 2 Maandag    |                                    |
| 3 Dinsdag    |                                    |
| 4 Woensdag   | <b>VAKANSIEDAG: Verkiesing</b>     |
| 5 Donderdag  |                                    |
| 6 Vrydag     | Gr.10 - 11 Praktiese Eksamen begin |
| 7 Saterdag   |                                    |
| 9 Maandag    | Gr.8 - 9 Eksamen begin             |
| 10 Dinsdag   |                                    |
| 11 Woensdag  | Gr.10 - 11 Eksamen begin           |
| 12 Donderdag |                                    |
| 13 Vrydag    |                                    |
| 14 Saterdag  |                                    |
| 16 Maandag   |                                    |
| 17 Dinsdag   |                                    |
| 18 Woensdag  |                                    |
| 19 Donderdag |                                    |
| 20 Vrydag    |                                    |
| 21 Saterdag  |                                    |
| 23 Maandag   |                                    |
| 24 Dinsdag   |                                    |
| 25 Woensdag  | Gr.8 - 11 Eksamen eindig           |
| 26 Donderdag | NSS Eksamen eindig                 |
| 27 Vrydag    |                                    |
| 28 Saterdag  |                                    |
| 30 Maandag   |                                    |



# DESEMBER

|              |                                                          |
|--------------|----------------------------------------------------------|
| 1 Dinsdag    |                                                          |
| 2 Woensdag   |                                                          |
| 3 Donderdag  | <b>Gr.8 - 2027 Oriëntering</b>                           |
| 4 Vrydag     |                                                          |
| 5 Saterdag   |                                                          |
| 7 Maandag    |                                                          |
| 8 Dinsdag    |                                                          |
| 9 Woensdag   | <b>SKOOL SLUIT - Leerders<br/>Rapporte uitdeel 09:00</b> |
| 10 Donderdag |                                                          |
| 11 Vrydag    | <b>SKOOL SLUIT - Personeel</b>                           |





**Geniet die vakansie en  
kom veilig terug!**



*Montie Groete*